Reformasie Tydlyn – Luther, Zwingli en Calvyn

1483 Maartin Luther gebore. Eisleben – Duitsland.
1484 Ulrich Zwingli gebore. Wildhaus – Switserland.

"Ad fontes" – beginsel na die Middeleeue. O.a. onder leiding van Erasmus

---

1506 Begin van aflaatbrief-verkope. Zwingli begin sy studies by die universiteit van Basel.

1509 i) Johannes Calvyn gebore. Noyon – Pikardië.
ii) Pfefferkorn (hy meen dat alle Joodse boeke verbrand moet word) vs. Reuchlin (hy is eerder ten gunste van beskaafde gesprekke met die Jode. Dring daarop aan dat Hebreeus aangeleer moet word).

1512 Luther word prof. By Wittenberg en volg Staupitz op.

1517 i) 97 stellings teen Skolastiese teologie (via antique/via moderna). Andreas Bodenstein (Karlstadt) en Nikolaus von Amsdorf ondersteun Luther.
ii) 31 Oktober: Luther stuur 95 stellings aan Aardsbiskop Albrecht van Mainz en Jeromius (Biskop van Brandenburg). Slaan ook stellings teen Wittenberg kasteeldeur vas.

1518 Philip Melanchthon, neef van Reuchlin, word prof. van Grieks by Wittenberg.

1519 Zwingli sterf byna weens die Pes.

1520 Luther verbrand die pouslike bul en die kanonieke wet te Wittenberg.

1521 i) 17 April: Wittenberg Reichstag. Luther word gemaan om sy werke terug te trek, maar hy weier ("...here I stand, I can do no other, so help me God, Amen").
ii) Desember: Luther begin werk aan 'n Duitse vertaling van die Bybel. Pous Leo X sterf en word opgevolg deur Adrian VI.
iii) Karlstadt bedien die Nagmaal sonder Roomse protokol.

iv) Zwingli bestudeer Luther se werke

1522 i) Januarie: Karlstadt trou. Kom in opstand teen Roomse afbeeldings, orrels en koorsang.
ii) 6 Maart: Luther preek vir 8 dae te Wittenberg teen die opstanding wat Karlstadt veroorsaak het. Karlstadt verloor invloed en moet die stad verlaat.
Iii) September: Publikasie van die Luther-Bybel.

1523 i) Januarie: Zwingli stel 76 artikels op waarin hy o.a. die gesag van die Skrif beklemtoon vir 'n publieke debat teen die Roomse leer...

1523 ...Nadat Zwingli suksesvol uit die debat tree, bevestig die debat die Reformasie in Switserland.
ii) Calvyn begin studeer aan die universiteit van Parys (College de la Marche)

1524 i) Meer-geweldadige volgers van Zwingli verwoes o.a. die beelde in sewe kerke.
ii) 2 April: Zwingli trou in die publiek met Anna Reinhard, 'n weduwee wat hy in die geheim in 1522 getrou het.

1525 i) Januarie: Zwingli tree in 'n publieke debat met die “anabaptiste,” waarna almal in die stad beveel word om na agt dae alle onbedoopte babas te doop.
ii) Februarie: Die gepeupel in Duitsland skryf twaalf artikels aan Luther teen die mag van die rykes. 'n Groot geveg breek uit (“peasants war”) en Muntzer word onthoof met ± 6000 ander opstandiges.
iii) 5 Mei: Keiser Frederik die Wyse sterf en word deur sy broer, Johannes die Standvastige ('n Lutheraan) opgevolg.
iv) 13 Junie: Luther trou met Katherine von Bora.

1527 i) Melanchthon stel artikels op wat die Lutherse teologie uiteensit.
ii) Mei: Duitse troepe van koning Ferdinand (van Hongarye), val Rome binne en sluit Pous Clement VII in die kasteel van Sant’ Angelo op.

1528 Na 'n debat waarby Zwingli betrokke was, word Bern as Protestants verklaar, wat beteken dat Zürich beskerm word van die Switserse Konfiderasie. Dit maak die werk van Johannes Calvyn moontlik, deurdat Genève vry is van die Roomse oorheersing onder die hertogin van Savoy.

1529 i) Februarie: Speyer Reichstag in Duitsland beveel dat geen verdere kerklike veranderings gemaak mag word nie. Alle Roomse outoriteit word heringestel. Dit beteken die vernietiging van Lutherse kerke.
ii) 19 April: Die Lutherane protesteer met 'n dokument, die “Protestatio”.

1530 Junie: Augsburg Reichstag roep die Protestante op (o.a. Luther en Melanchthon) om 'n opsomming van hul geloof bekend te stel. Uiteindelik sien die *Augsburg Belydenis* die lig.

1531 Zwingli word vermoor na 'n geveg met die Roomse kantons. Sy liggaam word opgekap, verbrand en met vuilgoed gemeng.

1532 Calvyn publiseer sy eerste boek – *'n kommentaar op Seneca se verhandeling oor genade.*

Calvyn kom tot bekering (tussen 1532 en 1534)

1536 Calvyn se eerste uitgawe van die *Institusie van die Christelike geloof.*

1538 Calvyn en Farel word uit Genève verban, aangesien hulle nie die gesag van die staat in kerklike sake wou erken nie. Calvyn vlug na Strassburg.

1540 Calvyn trou met Idalette de Bure.

1553 Michael Servetus ontken die Drie-Eenheid en die kinderdoop en word as ketter verbrand.

1555 Die kerk in Genève verkry alleenreg, sonder die invloed van die staat, om lidmate te ekskommunikeer.

1559 Die laaste uitgawe van Calvyn se *Institusie.*

1564 Calvyn staan na sy dood bekend as die enigste internasionale Hervormer.